

Mietsie is 50/50 se R100 000 wenner

Elsje Vermeulen

VANDERBIJLPARK. - Vir die tweede jaar in ‘n ry spog die Vanderbijlpark Amateur Fotografeklub met die algehele wenner van die TV-program 50/50 se Veldfokus-fotografiekompetisie.

Vanjaar behoort dié titel en eer, asook die R100 000 prysgeld, aan Mietsie Visser. Sy is een van die klub se spog Meester-fotograwe (spesifiek ‘n Meester-Brons-gradering wat jare neem om te bereik) en sedert 2012 lid van die klub. Verlede jaar is die kompetisie deur Koos Fourie, die voorsitter van die Vanderbijlpark Amateur Fotografeklub, gewen. Dit moet dit egter nie laat klink of dié kompetisie maklik is nie, dit moet egter gesien word in die lig dat die plaaslike fotografeklub een van die topklubs in die land is!

Mietsie se foto-reeks van ‘n opportunistiese luiperd wat twee bokke tegelyk probeer plat-trek, het die 2017-titel aan haar besorg.

“Ek is dol oor die natuur en wou nog altyd goeie wild-interaksie afneem. Die foto’s is in 2015 in die Krugerwildtuin by die Timbavatiepiekniekplek geneem,” vertel Mietsie.

Sy kon egter eers haar passie begin uitleef nadat haar kinders uit die huis is. “Ek en my man Henry neem sowat 12 weke per jaar verlof en toer oral in Afrika rond, wat my die geleentheid gee om wildfotografie te beoefen.

“Henry geniet die fotografie as deel van ons altwee se passie vir die natuur en buitelewe. Hy klim en stap oral saam, dra driepote en kamerasakke en trek die voertuig reg sodat die lig van die regte kant af kom,” sê Mietsie.

Sy het deur die afgelope jare verskeie toe-



Mietsie Visser van Sasolburg is 50/50 se 2017 Veldfokus-fotografiekompetisie wenner.



Die fotoreeks (bo en onder) wat aan Mietsie die eerste plek en die R100 000 prysgeld besorg het.

kennings met haar puik foto’s behaal, maar hierdie prestasie is die hoogste.

In 2017 is sy ook as die Vanderbijlpark Amateur Fotografeklub se Fotograaf van die Jaar en Meester-fotograaf van die Jaar aangewys. Sy het ook in November Wilderness Safari’s se wêreldwye-kompetisie in die landskap-afdelingprys gewen.

“Ek het nie verwag om te wen nie. Daar is sulke ongelooflike inskrywings dat ‘n mens maar net kan hoop dat joune deur die beoordeelaars gekies word. Dit is vir my ‘n ongelooflike eer en voorreg,” sê Mietsie.

Sy en Henry het pas van die wildtuin teruggekeer en dié keer nie een luiperd gesien nie. “Ons het toe besef dat die wenreeks ‘n geleent-

heid van ‘n leeftyd was,” sê Mietsie.

Dit is natuurlik nie baie moeilik om te raai wat die egpaar met die wengeld gaan doen nie. ‘n Baie spesiale Afrika-toer is in die vooruitsig.

“Die natuur is so wonderlik en bring ‘n mens onder die besef van die grootheid van God se skepping. Dis werklik vir ons ‘n seëning om tyd in die natuur te kan deurbring,” sê sy.



Hittegolf laat Valies ‘suffer’

Elsje Vermeulen

Dit is nie reg om te sê dit is warm nie ... dit is vrek-warm! Letterlik. Moenie kinders en diere in motors laat terwyl jy net “gougou” gaan inkopies doen nie!

Valies het die afgelope paar dae, net soos die res van Gauteng, gesuffer en gesweet weens ‘n hittegolf wat ongenooi op ons voorstoep opgedaag het. Dit terwyl die grootste deel van die Vaal weens die ELM-waterkrisis met leë krane gesit het (volledige berig op bl. 3).

Wat dit erger maak, is dat kenners meen hierdie soort verskynsel al hoe meer gereeld ervaar gaan word.

Dit is glo die gevolg van kweekhuisgasse wat klimaatsverandering veroorsaak.

Hoewel dit van gister af (Dinsdag) effens koeler begin word het, word mense steeds aangeraai om toe te sien dat veral kinders en diere genoeg koel vloeistof inkry om nie te ontwater nie en veilige beskikking teen die son het.

Suid-Afrika is uitge-

wys as een van die lande waar dit in die komende dekades van die warmste plekke in die wêreld kan word.

Volgens prof. Francois Engelbrecht, hoof navorser oor klimaatsverandering van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, is bevind dat die gemiddelde temperatuur in SA teen dubbel die tempo van die res van die wêreld styg. Ons kan dus gereed maak vir warmer, droër somers en meer hittegevolge.



Honde moet ook afkoel wanneer dit so warm is. Veral platneus-rasse sukkel met erge hitte.



Blokraai volgende week terug

Vaalweekblad se gewilde weeklikse blokraaisels sal weer van volgende week af verskyn.

Vivente

Aesthetic Laser Clinic & Spa

Medical skincare

NeoStrata	Heliocare
Verattiva	Purelogical
Prevage MD	Lumixyl

We offer:

- Cellulite (Synergie)
- Chemical Peels
- Botulinum Toksien & Fillers
- Keloid Scars
- Medical Slimming Program

Laser Treatment for:

- Scars and Stretch Marks
- Pigmentation and Birthmarks
- Hair removal
- Fine lines
- Spider veins / Vascular lesions
- Skin rejuvenation

Tel. 016 422 2323 - Fax. 016 422 2323 - Tel. 016 422 1071 - Media Village, Cnr Joubert and Grey ave, Vereeniging - www.vivente.co.za